

## NKWE STREEKKAMP - 22 September 2017

Te midde van 'n lang naweek was die omgewing by Nkwe Woonwapark baie rustig. Ons het die natuur met die klipkoppies en waterstrome baie geniet. Soos oorvertel kon niemand nog die diepte van die watergat vasstel nie. Daan het natuurlik weer van die geleentheid gebruik gemaak om 'n paar blinklywe wal toe te bring. Die staproete na die boskamp het die voëlkykers tussen ons verras met 'n verskeindeheid van voëlspesies.

Die algemene gevoel is dat Nkwe 'n bekostigbare park is as in ag geneem word die kort afstand en tolgelde. Dit het wel sy uitdagings.

Wat die bestuur van Nkwe betref was hulle baie tegemoedkomend en het te midde van 'n vol gepakte park vir Tjaart Fourie en sy gesin 'n spesiale staanplek aangebied om hul ouers ook te akkommodeer.

Die saal asook die kampterrein was skoon en netjies en tot ons beskikking gestel vir Sondag se Boekevat.

Vrydagaand was 'n lieflike somersaand en Tersia en helpers het vir ons 'n heerlike aansit ete aangebied. Die saamkuier gedurende die ete en ook daarna onder 'n tent wat Tinus opgeslaan het, het bygedra tot 'n lekker gesellige atmosfeer en daar was tot laatnag gekuier - die tent was daarna gedoop "Menlyn se afdak".

Saterdag was baie rustig, maar laat middag tydens boekevat het 'n geweldige stormwind ons gesamentlike braai beperk tot net 'n paar dapper braaiers. Twee van Menlyn se afdakpale kon die stormwinde nie weerstaan nie en moes ons maar die afdak laat sak, 'n storie vir n ander tyd.

Sondag se boekevat was weereens baie besonders en Magdaleen het ons op 'n kinderlike wyse herinner hoe spesiaal en belangrik omgee is.

Daarna het almal middagete geniet en drieuur die middag het ons weer saamgetrek om 'n poeding-tafel en soos gewoonlik lekker saam gekuier. Sondagaand het ons op die ingewing van die oomblik 'n kaas en wyn geselligheid gereël. Almal het spontaan ietsie bygedra.

Maandagoggend het Daan die Boekevat hanteer waarna ons Nasionale Braaidag gevier het.

Omrede Nkwe om die draai van ons huise is het die laaste waens eers so vyfuur die middag vertrek.

Die naweek was ook nie sonder opwinding nie - Hennie en Gideon het Saterdag 'n matriek reunie gaan bywoon toe hy 3 vriende van kleur op heterdaad betrap waar hulle besig was om sy bakkie te probeer steel. Soos ons vir Hennie ken het hy nie geskroom om hulle te konfronteer nie en die skade aan sy bakkie is gelukkig gering, dankse sy optrede.

Sonja het van hul woonwa trap gegly en haar stytjie beseer, maar soos ons haar ken is sy 'n yster en is weer op die been.

Namens die Kampkommedante baie dankie aan almal wat die naweek besonders en aangenaam gemaak het.

Tinus en Tersia Fourie asook Austin en Sarie Weber



Daar word lekker geet en gekuier onder Menlyn se afdak.....

